Junie 2014 No 42

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: **www.guavaproducers.co.za**

Redakteur/ Editor W**iehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

		Bladsy
1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Uit die Voorsitter se pen	2 - 3
3.	Ledeheffings	3
4.	Fuit Fly Becoming an Urgent problem	4
5.	Winter / Lente Vrugtevlieg Beheerstrategie	5 – 6
6.	Bestuur van die Vereniging	7
8.	Chemiese Spuitstof Ontledings	7
9.	Koejawel Plantmateriaal	8
10.	New Guava Varieties	8

UIT DIE VOORSITTER SE PEN

Ons het n interessante Jaarvergadering gehou op 26 Maart 2014. ***Beter gehalte koejawels vir beter winsgewendheid*** moet ons doel wees hierdie jaar van die produsente se kant af.

Die laaste 2 tot 3jaar was koejawels laat en het ons eers Juniemaand werklik met inmaak begin, waar ons in die verlede al vroeg in Mei gepluk het voor die ergste reën begin.

Weersomstandighede het 'n rol gespeel in die 2013 oesjaar. Koejawels was klein en vrugte nie pienk genoeg vir verwerkers nie alhoewel alle vrugte verwerk is.

Die Varsmark is goed voorsien van koejawels. Die vraag na goed verpakte koejawels soos in 'punnets' vir kettingwinkels raak ook groter en kan aandag aan gegee word.

Inmaak- en Sapbedryf het die koejawels gekry wat hulle gesoek het en kon hulle alles verwerk wat voorsien is.

Produsente beleef moeilike boerdery omstandighede nie alleen is dit die weer wat van een uiterste na ander uiterste gaan nie, maar ook produksiekostes wat die hoogte in skiet.

Die 2014-oesjaar begin goed met reën wat op tyd kom en ons hoop die oes sal weer normaal wees. Die gehalte en grootte van die oes lyk goed.

Nog probleme wat boere beleef is hoër lone wat nou al met meer as 50% gestyg het en dit maak 50% van ons insetkostes uit op die plaas. Dan is daar nog diesel, chemikaliee en kunsmis en ook elektrisiteit wat die boer geen beheer oor het nie.

Daar is twee aspekte wat boere waarneem hier in Maartmaand en dit is die Rand wat ongeveer met 24% verswak het teenoor die Dollar en die geweldige hoë pryse wat betaal word vir geel perskes.

Die produsente wil graag die beste gehalte lewer deur beter te sorg vir hul koejawels, maar ongelukkig kom dit met kostes en vra dat verwerkers dit in ag moet neem as hulle met hulle produsente onderhandel.

As boere nie winsgewend kan bly nie gaan ons 'n bedryf verloor wat jare lank opgebou is. Dan weer, bou goeie verhoudings op met jou verwerker jy is net so afhanklik van hom as wat hy van jou is.

Sorg vir jul boorde en kry kundige mense in sodat ons gehalte kan lewer en verwerkers dan ook top gehalte kan produseer.

Groete

Poena Malherbe
VOORSITTER

LEDEHEFFINGS

Die Koejawel Produsente Vereniging (KPV) se finansiële posisie is tans onder druk. Die Vereniging wil graag met sy beperkte bronne 'n wesentlike verskil in die bedryf maak en sekere belangrike funksies doen.

Vir dié rede is daar by die Algemene Jaarvergadering van 26 Maart 2014 besluit om die ledeheffings na R14-00 per ton te verhoog. Die produsent sal R7-00 per ton en die verwerker R7-00 per ton bydra. Koejawels vars bemark sal ook R7-00 per ton bydra. Dit is die eerste verhoging sedert 2011.

FRUIT FLY BECOMING AN URGENT PROBLEM

South Africa's most prominet deciduous fruit and wine producing area, the Western Cape, is host to two fruit fly species of ecomonic importance : the Mediterranean fruit fly (Ceratitis capitata) and the Natal fruit fly (C.rosa). Negatrive economic implications are ascribed to the international quarantine status of this pest insect which hamper the free international trade of fruit coupled with economic crop losses and associated control costs.

It is commonly accepted that these flies have a broad host range including grapes. However, there is still a common misconception that wine grapes are not attacked by these flies, and wine farmers seldom if ever apply fruit fly control measures. To prove the susceptibility of wine grapes to fruit flies, a loval research study was undertaken by dr. Brain Barnes in 2006 at the ARC. Results obtained from the study indicated tha the flies were able to successfully complete their life cycle in all cultivars tested and that certain cultivars were more prone to infection than others.

Fruit flies on wine grapes is a bigger problem than producers think!

Successful fruit fly management is dependent on an area-wide approach to control. Therefore, secondary infestations from vinyards cannot be tolerated and these areas should be included in area-wide control strategies envisaged for the current growing season. Futher motivating the need to control fruit flies in wine grapes is the fact that these flies also have the protential to transfer fungi associated with post-harvest decay from stone fruit orchards to neighbouring wine grape vineyards.

Therefore, to ensure the seccessful suppression of fruit flies wine farms and druit orchards need to be treated collectively for fruit flies to prevent crop losses.

Dr. Jeanne de Waal
Dow AgroSciences

WINTER/LENTE VRUGTEVLIEG BEHEERSTRATEGIE

Soos wat algemeen bekend is, migreer vrugtevlieë uit boorde/wingerde sodra die blaarval sodanig is dat daar nie meer voldoende skuiling vir hulle is nie. Om die winterkoue te oorleef beweeg hulle dan hoofsaaklik na rivieroewers, plaas- en huistuine in nabygeleë dorpsgebiede waar daar kos (bv. heuningdou en voëlmis) en skuiling is en waar hulle kan voortplant.

Verder is koejawels en sitrus die ideale gashere vir die oorwintering van die wilde populasie, en as daar sulke boorde naby die wingerde is verskuif hulle, na blaarval, eenvoudig soontoe.

Natuurlik trek van hulle ook na wilde gasheerplante in die natuur, maar ons moet onthou dat omdat vrugtevlieë inherent lui is sal hulle na die naaste plek trek waar 'n gunstige habitat vir oorwintering aangetref word.

Ek en dr. Brian Barnes het vanaf Desember 2007 tot en met Desember 2008 intensiewe proewe in Worcester-Wes gedoen, en die resultate van die proewe het duidelik bewys dat plaas- en dorpstuine **dwarsdeur die jaar** 'n konstante bron van herinfestasie van die omliggende boorde/wingerde is. Verder moet in gedagte gehou word dat 'n matige en droë winter tot gevolg het dat baie meer vrugtevlieë die winter oorleef en dit gee natuurlik weer aanleiding tot hoër bevolkings in die daaropvolgende lente en somer.

As die infestasiedruk in 'n spesifieke boord/wingerd deur die loop van die seisoen hoog was, sal daar vir 'n periode van 4-6 weke nadat die laaste vrugte gepluk was steeds volwasse vlieë uitbroei, en na blaarval migreer hierdie vlieë dan ook maar weer na die naaste koejawel/sitrusboord en plaas- of huistuin. Gedurende die winter/lente moet ons dus **100% gefokus wees** op bestryding in die vlieë se broeiplekke.

Lokaastoediening teen vrugtevlieë behoort dwarsdeur die jaar gedoen te word met korter intervalle (elke 7 dae) gedurende die somermaande wanneer moniteringslokvalle

i) 'n toenemende populasie aandui, en

ii) minstens een maand voordat vrugte begin rypword,

Maak die intervalle langer (elke 14 dae) slegs as die vrugtevliegtellings oor 'n uitgebreide periode baie laag bly (minder as 'n totaal van 2 vlieë per lokval oor 3-4 weke).

Sanitasie is van kritiese belang vir goeie vrugtevliegbeheer. Indien hierdie aksie afgeskeep word, is dit onwaarskynlik dat die beheerprogram suksesvol sal wees. Verwyder en vernietig alle vrugtevlieg geïnfesteerde vrugte en vrugte wat afgeval het deur dit te verpulp, of plaas dit in toegebinde swart plastieksakke in direkte sonlig vir 'n paar dae, of begrawe dit minstens 500 mm diep.

Ek kan en wil produsente die versekering gee dat hoe meer moeite ons met vrugtevliegbeheer in die winter/vroeë lente doen, hoe minder probleme gaan ons in die daaropvolgende somer hê. Omdat winterbeheer op hoogstens 'n paar hektaar op 'n plaas uitgevoer word, is dit

i) baie goedkoop en
ii) ii) uiters doeltreffend indien dit korrek en konsekwent toegepas word.

Vriendelike groete.

Ian Sutherland
Area koördineerder
FruitFly Africa

BESTUUR VAN DIE VERENIGING

Tydens die Algemene Jaarvergadering van die Koejawel Produsente Vereniging (KPV) gehou op 26 Maart 2014 is die volgende persone verkies om hul onderskeie areas te vereenwoordig.

STREEK	LEDE	PERSONE
Porterville	1	C C van der Merwe
Paarl	1	P J Malherbe
Wellington / Dal Josafat	1	G R Joubert
Kraaifontein / Stellenbosch	1	J J P Uys
Mosselbaai	1	Billy Robertson
Addisionele Gekoöpteerde Bestuurslede		Willie Visagie A J Joubert W Grobbelaar

CHEMIESE SPUITSTOWWE

Vir die 2014-seisoen word ontledings weereens op vars koejawels, gelewer vir verwerking, gedoen. Ewekansige monsters word tydens lewering getrek vir ontleding van chemiese spuitstowwe op die vrugte.

Twee laboratoriums word gebruik, naamlik Bemlab vir swaarmetale en Hearshaw en Kinnes vir chemiese spuitstowwe. Indien oorskrywings en/of nie-geregistreerde middels voorkom, sal 'n tweede monster onmiddelik getrek word vir ontleding en sal die betrokke koejawels teruggehou word en nie verwerk word nie.

Almal se samewerking in dié verband word waardeer.

KOEJAWEL PLANTMATERIAAL

Verwelksiekte op koejawels in die Noorde is besig om ernstige afmetings aan te neem. Selfs die nuwe geteelde kultivars wat aanvanklik bestandheid getoon het, ondervind nou probleme. Die probleem areas brei uit en waar die probleem aanvanklik gelokaliseerd was, is wyer areas nou betrokke. Die patogeen vernietig alle koejawelbome.

As gevolg van Verwelksiekte wat in die Noorde van die land voorkom, bestaan daar wetgewing wat verhoed dat koejawel plantmateriaal van noord na suid versprei mag word.

Produsente in die Wes- en Suid-Kaap se ernstige aandag om nie plantmateriaal van die Noorde te gebruik nie, word benodig. Dit kan katastrofiese gevolge vir die bedryf inhou.

Dit is **elkeen** se plig om seker te maak dat geen koejawel plantmateriaal van die Noorde na die Suide gebring word nie. Maak seker dat nie jy, jou buurman of enige dorpbewoner koejawel plantmateriaal inbring nie!!!!

NEW GUAVA VARIETIES

Chile's Institute for Agricultural Investigation (NIA) has patented two varieties of Chilean guava (a small red fruit similar to a cranberry) in the US where it is becoming increasing popular as a super fruit. US growers will now have to pay royalties to Chile if they wish to cultivate it. A project led by Ivette Seguel from INIA Carillanca hope to encourage US growers to cultivate the fruit all over the country and is working on a stronger, more efficient, production chain. INIA is now looking to patent other Chilean guava varieties such as Pearl Red Inia and South Pearl Inia in New Zeeland, Australia, Argentina and Brazil

- ***Foodnews***